Nabetragting van Sondag Boodskap van 28 Junie 2020

Gegroet uit die pastorie

Ons is mense en ons Skepper weet dit. Ons kan vele inspirasie in alledaagse inligting, boeke, musiek, geselsies e.d.m. meer vind en kan al te dikwels die insprake van ons Skepper in die alledaagsheid van die lewe vind. Hierdie week gebruik en gedeeltes van essays van Audrey Blignaut om die nabetragting van Sondag se boodskap te verbreed en in toepassing te bring.

**Maandag**: Klink die volgende uit die essay *Het Spoke Nekke?,* bekend: Hoe het jy dit reggekry om die bord te breek?; Maar wat het jou makeer om met Flip te trou?; Kan jy dan nie sien hoe jy die hek moet oopmaak nie?; Wie eet al my sakdoeke op?; Ag, wat sal ek na San se troue aantrek?; Waar het ek tog my brilhuisie laat lê?; Waar kan mens geelrys koop?; Was Moby Dick die man of die vis?; Is dit waar dat grondboontjies 'n dooierige man sal lewendig maak?; Hoekom kan 'n klavierstemmer nie lag nie? Het spoke nekke? Gebed is ook so alledaags soos van hierdie vrae. Toets maar jouself – jy praat met die Here meer dikwels as wat jy dink, so in jou gedagtes asof Hy met jou, so onderliggend asof 'n selfgesprek, so alledaags. Ja, so naby is die Here! In jou, met jou, by jou! Het jy al agtergekom hoe lekker is dit om te gesels met 'n geliefde, 'n vriend, 'n buurman of vbuurrou, jou kinders, jou werkers? Eintlik onmisbaar is ons gesels met mekaar. En het jy al gesien hoeveel van jou uitdagings en probleme in sulke gesprekke met die Here of medemens sommer belig word en oplossings inspring?

**Dinsdag**: Kan jy amen sê op Audrey Blignaut se mening dat iets soos kleur, in haar geval rooi, baie meer is as net 'n kleur; dis soos 'n persoonlike vaandel, 'n embleem, 'n geloofsverklaring. Wil jy ook, soos sy skryf in die essay *'n Oulap se Rooi* dat jou gunsteling kleur jou beskryf soos jy is, soos rooi in haar geval as vol drif en gloed, gesond en onverskrokke, uitdagend, blymoedig, seëvierend? Audrey sê sy kon haar nog nooit vereenselwig met iets wat effentjies is nie. Kan jy, wil jy, is jy jy dalk effentjies? Wat is jy voor die Here? Dit sal wys hoe jy met Hom praat en natuurlik ook omgaan met jou medemens – wat mens laat dink aan die samevatting van die groot gebod. Sekerlik kan jy seker wees die Here soek jou as jou unieke self en sekerlik is dit wat jy kan wees en moet waag. Daar is nie 'n breë weg tussen wat jy is en hoe jy bid nie. As jy beter wil bid, moet jy jouself meer wees, meer ag.

**Woensdag**: In haar essay *Vasgerits* skryf Audrey Blignaut dat soos alle vrouens sy moes kennis neem van ritssluiters. Ook dat ritssluiters 'n ding is wat nie aldag wil rits nie. Ook 'n ding wat 'n vrou nie aldag vrou-alleen kan behartig nie tensy sy arms soos roeirieme het. Sy glo studie sal toon dat ritssluiters 'n uitwerking het op huwelike. Haar man is gelukkig 'n goeie ritstrekker. Dis 'n mooi beskrywing, 'n verduideliking van die lewe met 'n vonkel in die oog oor 'n egte dag vir dag gebeure. Gebed is ook soos 'n ritssluiter wat meer as een persoon verg as iets bokant jou vuurmaakplek is. Waar twee of drie in My naam bid, daar is Ek, het die Here gesê. Probeer gerus dat jy en jou geliefde saamgerits in gebed vir iets intree – die Here sê Hy is beslis dan by ons en sal sekerlik intree.

**Donderdag**: In die essay oor nuwe ontwikkelinge *Hoe lyk 'n isotoop?* word vertel van oom Org Bester wat so bang vir hierdie nuwe ding met die naam elektrisiteit was. Toe oom Org hoor dat die dorp

elektrisiteit gaan kry, was hy erg angsbevange dat dit die duiwel gaan inlaat – die lektriek is duiwelskuns, aldus oom Org. Hy wil dit nie in sy huis hê nie; hy en sy Hester het in die wêreld gekom met ’n kers en so sal hulle ook die wêreld verlaat. Maar tant Hester het anderster gedink – die voordele van die lektriek het sy as vrou gou ingesien. Die magiese mag van die lektriek het later ook vir oom Org beïndruk. Alles verander deurlopend – vinnig of stadig, maar baie seker. Kerk verander, hulpmiddels verander, die lewe word beter, maar so met kernkrag is daar voordele en gevare met nuwe dinge. Wysheid kom deur die hulp van God se Gees in ons. As alles te vreemd is, of te deurmekaar, of te vinnig gebeur stop die bus vir ’n tydjie en raak rustig en praat met die Gees en luister wat jy kan hoor. Jy sal ook beïndruk wees met die inspraak van die geestelike lektriek.

**Vrydag**: In die essay *Lied sonder woorde* vertel Audrey Blignaut van oom Jiemsie wat pas begrawe is. Snaaks, niemand sê ooit iets oor oom Jiemsie nie. Oom Jiemsie is net die middag begrawe en dis klaar asof hy nooit geleef het nie. Die kerkklok het gelui soos altyd vir ’n begrafnis, maar niks was anders as gewoonlik nie. Niemand het sagter gepraat soos ander dae as iemand op die dorp dood is nie. Dit was maar net ’n dag soos ander dae. Dis eintlik ’n baie mooi storie en diepsinnig ook, maar hierdie aanhaling dááruit kan mens laat nadink. Het jy ’n effek iewers, ’n aanklank met mense of natuur, ’n fokus belangstelling, of is jy maar net, of is jy God se kind? Om God se kind te wees sal jy met God moet praat soos ’n kind met sy Pa en by jou hemelse Vader hoor wat hy vir sy kind wil sê. God se boodskappe het skeppingskrag.